

## Persverklaring

### Moreletapark Beraad 25-26 Februarie 2020

Daar bestaan groot ongelukkigheid in talle gemeentes oor die rigting wat die NG Kerk tans inslaan betreffende die gesag en interpretasie van die Skrif. Baie van die sowat 500 beraadgangers getuig van die skade wat die 2019 besluit van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverhoudings in hulle gemeentes tot gevolg het. Hierdie saak het slegs die kernprobleem, naamlik Skrifgesag en -interpretasie tot 'n punt gedryf. Heelwat gemeentes het lidmate verloor en gemeentes, ringe en selfs kollegas beleef onderlinge spanning, tweespalt en konflik. Die algemene gevoel van beraadgangers was dat die NG kerk klaar geskeur het.

Die beraad het eerstens ten doel gehad om 'n ruimte vir beraadgangers te skep waar hulle onbevangen kon praat oor die probleme wat hulle ondervind sonder dat hulle afgemaak word as kerkskeurders, liefdeloos, beswaardes, verdagmakers, ens. Die vertroue in die Algemene Sinode en moderamen is tot 'n baie groot mate geskaad en daarom word die wyse waarop kwessies hanteer word, bevraagteken.

Die beraad het verder ten doel gehad om gemeentes op 'n praktiese manier te help om moontlike oplossings te vind en hulle te begelei in die proses vir die pad vorentoe.

Daar is gevra dat gemeentes by die drie G's moet begin:

- **Gebed:** Gemeentes is aangemoedig om met gebed in gebrokenheid en verootmoediging voor die Here te begin.
- **Geloof:** Glo dat God almagtig is en nuwe lewe in Sy Kerk wil bewerk. Glo dat Hy jou juis in hierdie spesifieke tyd en plek geroep het om as instrument in Sy Hand 'n draer van hoop te wees.
- **Gehoorsaamheid:** Antwoord gehoorsaam op Sy roeping en laat jou geloof tot daad oorgaan (Jak 2:14-26).

Tydens die beraad is nege moontlike opsies voorgelê waarvan 4 in diepte bespreek is. Stappe wat in elke gemeente gevolg kan word, is geïdentifiseer en word kortliks as volg opgesom:

Stap 1: Neem kennis van die huidige krisis in die NG Kerk, waarvan die kern van die saak is dat die Algemene Sinode oor tyd in 'n rigting beweeg het waar die gesag van die Skrif bevraagteken word en waar daar groot verskille oor die Skrifinterpretasie ontstaan het;

**Stap 2: Begin by die drie G's soos reeds genoem;**

Stap 3: Bestudeer die nege opsies asook elkeen se implikasies;

Stap 4: Alle behoudende lidmate en kerkvergaderings word sterk aanbeveel om sover moontlik eenvormig te wees in die reaksie op, en die hantering van die 2019-besluite. As elke lidmaat of gemeente sy eie pad sou loop, kan dit die kerk onherstelbaar versplinter;

Stap 5: **Die Beraad verwerp die AS 2019 se besluit oor selfdegeslagverhoudings in geheel en versoek alle behoudende lidmate en kerkvergaderings om soortgelyke besluite te neem. Die redes hiervoor was ook uitgespel;**

Stap 6: Daadwerklike optrede nadat die besluit geneem is.

- Stel besluite wat geneem word op skrif en stuur dit na al die belanghebbende vergaderings;
- Lidmate, leraars, kerkrade en ringe word versoek om skriftelik by hul streeksinodes aan te dring om so gou moontlik uit te tree uit die Algemene Sinodale verband volgens Artikel 37 van die 2019 Kerkorde aangesien dit een van die beste oplossings onder die huidige omstandighede bied;
- Verklaar 'n amptelike leergeskil met die Algemene Sinode; en
- Daar bestaan groot behoefte om alternatiewe netwerke en kerkverbande te vorm deur die behoudende lidmate en kerkrade wat vertroue in die huidige kerkverband verloor het en teologies en emosioneel geïsoleer word. Deur die netwerke kan die geesgenote in leer en belydenis weer die kerk wat tans innerlik verskeur is, herenig tot ware eenheid in liefde en waarheid.

Die beraad het dus die geleentheid geskep vir 'n gemeenskaplike soeke na ware eenheid met erkenning van die gesag van die Woord, asook eenheid in leer en belydenis. Hierdie nuwe kerkverbande en netwerke word in die Tussen-Orde van die Kerkorde voorgeskryf.

Sekere kwelpunte wat tydens die beraad uitgekome het, soos byvoorbeeld teologiese opleiding, is nog nie aangespreek nie en daar word beplan om dit gesamentlik met 'n moontlike konferensie oor Skrifgesag en Skrifinterpretasie in die nabye toekoms te hanteer.

Baie positiewe terugvoer is na afloop van die beraad ontvang. Getuie oor die werking van die Gees tydens die beraad, 'n diep hartseer by mense oor wat met die NG kerk besig is om te gebeur maar 'n nuwe vlak van entoesiasme en opgewonderheid oor hoop en perspektiewe vir die toekoms is aan die orde van die dag. Alle eer vir dit wat plaasgevind en bereik is gaan aan die Here.